Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## JUNIE 2026

# EKONOMIE V1

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

Downloaded from www.studypapers.co.za

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Antwoorde wat die vereiste getal oorskry, sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.

7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.studypapers.co.za

## AFDELING A: (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 B.

1.1.1 Die ekonomiesekringloop-model van ŉ oop ekonomie toon die funksionering van ŉ ekonomie wat die … sektor insluit.

A openbare
B sake-
C buitelandse
D binnelandse

1.1.2 Langtermyn finansiële instrumente, soos aandele word in die …-mark verhandel.

A geld
B kapitaal
C buitelandsevaluta
D arbeids

1.1.3 Fiskale beleid is die aksie wat deur die regering geneem word met betrekking tot belasting en … om ekonomiese aktiwiteit te beïnvloed.

A wisselkoersbeheer
B geldaanbod
C owerheidsbesteding
D kredietbeheer

1.1.4 Sakesiklusse wat deur veranderinge in die konstruksie-bedryf veroorsaak word en vir 15 tot 20 jaar duur, word … -siklusse genoem.

A Kuznets
B Kitchin
C Juglar
D Kondratief

1.1.5 Die verwydering van onnodige beperkings deur wetgewing staan as … bekend.

A regulering
B deregulasie
C sentralisering
D desentralisering

1.1.6 Dienslewering om die daaglikse bestuur van stede en dorpe te verseker, is die verantwoordelikheid van die … regering.

A plaaslike
B nasionale
C provinsiale
D sentrale

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.studypapers.co.za

1.1.7 Om die voordele van doeltreffende markte te pluk, maak lande op die beginsel van … voordeel staat.

A mededingende
B absolute
C relatiewe
D vergelykende

1.1.8 As die rand depresieer sal pryse en die inflasiekoers …

A styg.
B tuimel.
C dieselfde bly.
D daal. (8 x 2) (16)

1.2 Kies ʼn beskrywing uit KOLOM B wat by ʼn item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 J.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Marginale spaargeneigdheid | A oordrag van eienaarskap van bates van die private sektor na die openbare sektor |
| 1.2.2 Stelsel van nasionale rekeninge | B uitvloei van geld uit die ekonomie |
| 1.2.3 Oopmark-transaksies | C proporsie van die besteebare inkomste wat huishoudings nie verbruik nie |
| 1.2.4 Lekkasies | D likiede bates wat deur die IMF beskikbaar gestel word om tekorte op die betalingsbalans te finansier |
| 1.2.5 Nasionalisering | E voorgeskryf deur die Verenigde Nasies om BBP-syfers saam te stel |
| 1.2.6 Niemededinging | F die proporsie van die besteebare inkomste wat huishoudings verbruik |
| 1.2.7 Massa produksie | G koop en verkoop van staatseffekte om die geldeenheid te beïnvloed |
| 1.2.8 Spesiale Trekkings-regte | H verbruik deur een persoon verminder nie verbruik deur ʼn ander persoon nie |
| | I verseker ʼn toename in die aanbod van gestandaardiseerde goedere deur ʼn outomatiese meganiese proses |

(8 x 1) (8)



Downloaded from www.studypapers.co.za

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 Mark vir korttermyn spaargeld en lenings

1.3.2 ŉ Negatiewe ekonomiese groeikoers vir ten minste twee agtereenvolgende kwartale

1.3.3 ŉ Besigheid wat geheel en al deur die staat besit word en deur ŉ openbare owerheid bestuur word

1.3.4 Die waarde van die land se geldeenheid wat vir ŉ ander geldeenheid verruil word

1.3.5 Die koers waarteen kommersiële banke geld van die Suid-Afrikaanse Reserwebank leen

1.3.6 Illustreer ŉ verband tussen belastingkoers en belastinginkomste

(6 x 1) (6)

**TOTALE AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.studypapers.co.za

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van belasting op goedere. (2)

2.1.2. Hoe kan die fiskale beleid gebruik word om die ekonomiese aktiwiteite te beïnvloed? (2)

2.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **MAKRO-EKONOMIE VERMENIGVULDIGER** |
|---|
| Die makro-ekonomie vermenigvuldiger verwys na die effek van ŉ toename in totale vraag op die algehele vlak van ekonomiese aktiwiteit wanneer daar ŉ inspuiting is (bv. belegging, owerheidsbesteding) wat tot ŉ groter toename in BBP as gevolg van geïnduseerde verbruiksbesteding lei. |

2.2.1 Identifiseer ŉ voorbeeld van inspuiting uit die uittreksel hierbo. (1)

2.2.2 Noem enige EEN tipe vloei in ŉ ekonomiesekringloop-model. (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *afgeleide verbruik.* (2)


2.2.4 Verduidelik die interaksie tussen huishoudings en firmas in ŉ ekonomiesekringloop. (2)

2.2.5 Gebruik die vermenigvuldiger formule om die uiteindelike verandering in totale inkomste te bereken, indien daar ŉ inspuiting van R50 biljoen in die ekonomie en ŉ mvg van 0,5 gemaak is. Toon ALLE berekeninge. (4)

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.studypapers.co.za

2.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




2.3.1 Identifiseer die letter wat die tendenslyn in die illustrasie hierbo verteenwoordig. (1)

2.3.2 Noem enige EEN fase van die sakesiklus. (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *sakesiklus.* (2)

2.3.4 Verduidelik die ekonomiese aktiwiteit gedurende die fase EF in die sakesiklus hierbo. (2)

2.3.5 Hoe kan die Suid-Afrikaanse Reserwebank 'n resessie in 'n sakesiklus voorkom? (4)

2.4 Verduidelik die monetaristiese verduideliking van die sakesiklus. (8)

2.5 Evalueer die gebruik van belastingverlagings as 'n manier om die ekonomie te stimuleer. (8)
**[40]**

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.studypapers.co.za

**VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE kenmerke van die fiskale beleid. (2 x 1) (2)

3.1.2 Waarom is dit belangrik vir 'n land om direkte buitelandse beleggings te lok? (2)

3.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SUID-AFRIKA SE RUILVOET**

| JAAR | INDEKS VAN UITVOERPRYSE | INDEKS VAN INVOERPRYSE | RUILVOET |
|---|---|---|---|
| 2021 | 100 | 100 | 100 |
| 2022 | 120,10 | 110 | 109 |
| 2023 | 115,95 | 114,5 | 101 |
| 2024 | 121,5 | 120,5 | **A** |

[Bron: statssa 2024]

3.2.1 Identifiseer die jaar wat as basis gebruik is, in die tabel hierbo. (1)

3.2.2 Wat was die tendens in die indeks van uitvoerpryse tussen 2022 en 2023? (1)

3.2.3 Verduidelik kortliks die term *ruilvoet.* (2)

3.2.4 Wat is die uitwerking van 'n swak wisselkoers op die ruilvoet? (2)

3.2.5 Bereken die ruilvoet vir 2024 (**A**). Toon ALLE berekeninge. (4)

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.studypapers.co.za

3.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BEGROTINGSTOESPRAAK 2025**

Die Mediumtermyn-begrotingsbeleidsraamwerk fokus op volhoubare ekonomiese groei, fiskale konsolidasie en verbeterings aan maatskaplike welvaart met ŉ geprokteerde groei van 4,5% tot 5,5% en ŉ fiskale tekort teiken van 3,8% van die BBP.

[Bron: Nasionale Tesourie 2025]

3.3.1 Identifiseer die fokusarea wat met ekonomiese ontwikkeling geassosieer word uit die uittreksel hierbo. (1)

3.3.2 Noem die aanvaarde skuldreël as persentasie van BBP. (1)

3.3.3 Verduidelik kortliks die term *nasionale begroting*. (2)

3.3.4 Verduidelik die voordele van die privatisering van staatsondernemings aan die staat. (2)

3.3.5 Waarom is die prysbeleid ŉ probleem vir die regering met betrekking tot die voorsiening van goedere en dienste? (4)

3.4 Verduidelik klimaattoestande en arbeidsbronne as aanbodredes vir internationale handel. (8)

3.5 Hoe kan huishoudings as belangrike deelnemers in die ekonomiesekringloop-model tot die bou van die ekonomie bydra? (8)

**[40]**



Downloaded from www.studypapers.co.za

## VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES


**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE subrekeninge as die finansiële rekening as die betalingsbalans. (2 x 1) (2)

4.1.2 Wat is die betekenis van 'n verbetering in die ruilvoet? (2)

4.2 Bestudeer die diagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: Nasionale Tesourie 2024]

4.2.1 Identifiseer die tipe belasting uit die inligting hierbo wat op niemerietegoedere gehef word. (1)

4.2.2 Noem enige EEN objektief van die staat. (1)

4.2.3 Verduidelik kortliks die term *indirekte belasting*. (2)


4.2.4 Wat sou die finansiële implikasie van 'n 2% verhoging in BTW vir die regering wees? (2)

4.2.5 Hoe kan die effektiewe gebruik van begrotings provinsies met doeltreffende dienslewering help? (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.studypapers.co.za

4.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae volg.




4.3.1 Identifiseer die oorspronklike wisselkoers op die grafiek hierbo. (1)

4.3.2 Noem die wisselkoers-stelsel wat in Suid-Afrika gebruik word. (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die term *devaluasie.* (2)

4.3.4 Verduidelik enige faktor wat ŉ toename in die vraag na VS-dollars in Suid-Afrika kan veroorsaak. (2)

4.3.5 Hoe kan invoere gebruik word om die betalingsbalanstekort reg te stel? (4)

4.4 Onderskei tussen die *lopende rekening* en *kapitaaloordragrekening* van die betalingsbalans. (8)

4.5 Evalueer die mate waarin ŉ verhoging in beide direkte en indirekte belasting die begrotingstekort sal verbeter. (8)

**[40]**

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.studypapers.co.za

## AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>• ŉ Goeie begin is om die sleutelkonsep wat met die vraag verband hou, te definieer.<br>• Sluit ander sinne in om die onderwerp te ondersteun.<br>• MOENIE enige deel van die vraag by die inleiding insluit NIE.<br>• MOENIE enige deel van die inleiding by die liggaam insluit NIE.<br>• Vermy dit om in die inleiding te noem wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br>**Hoofgedeelte:**<br>Bespreek in detail/Diepgaande bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Ondersoek/Verduidelik/ Assesseer/Debateer<br>**Addisionele gedeelte:**<br>Gee eie opinie/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Teken ŉ grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/ Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/ Interpreteer/Debateer kortliks | Maks. 26<br><br>Maks. 10 |
| **Slot**<br>Enige hoë-orde slot behoort die volgende in te sluit:<br>• ŉ Kort samevatting van wat bespreek is, sonder die herhaling van enige feite wat reeds genoem is<br>• Enige opinie of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Addisionele ondersteunende inligting wat die bespreking/ ontleding versterk<br>• ŉ Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in detail die kenmerke onderliggend aan vooruitskatting. (26)
- Hoe kan hierdie fiskale beleid gebruik word om ekonomiese aktiwiteit positief te beïnvloed? (10)

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in detail die redes vir openbaresektor-mislukking. (26)
- Hoe beïnvloed openbaresektor-mislukking ekonomiese stabiliteit? (10)

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.studypapers.co.za